Nou, u het hom gevra of dit sy huis is, en wat was sy antwoord? — Hy het ja gesê.

En u het gesê dat u na pamphlette gekyk het? — Ja.

En het u enigets op daardie besondere dag in beslag geneem? — Ja, ek het gesê op die tafel dink ek was drie pamphlette, wat ek eers saangeneem het. Ek het aldie gevat, en ek is weer terug en toe het ek die notuleboek wat op die tafel gelê het ook geneem.

En was daar enige les papiere of soets by daardie notuleboek toe u dit geneem het daar? — Ja, daar was les dokumente binne in die notuleboek.

Wel, ek wil u na die volgende bewydstuk verwys, a.i. bewydstuk nr. 15. Dit is 'n notuleboek? — Ja, dit lyk so.

Nou, waar het u daardie boek gekry? — Op die tafel in Thomas Mere se huis.

En dan het ek self uit die boek gehaal 'n klomp les papiere wat ek genoek het bewydstukke 16 tot 35. Ek sal net stadig een vir een aan u wys. Bewydstuk 16 is getitel "Manifesto"....

"Manifesto of the Africanist Movement". Ek sal almal na u aangee mnr. Labuschagne. Bewyssuk 17 is 'n stukkie blou skryfpapier met name daarop, en sekere hoeveelhede geld. Bewyssuk 18 is 'n stukkie wit papier....

BY MR. UNTERHALTER:

Your Worship, I am not raising any objection. It is quite clear this is new matter, it was not raised in evidence-in-chief, and I am quite sure that Your Worship will permit further cross-examination if it should be necessary.

BY THE COURT:

Yes sir, I have seen it, although accused No. 4 brought this out in cross-examination. It is not new matter, it is new matter which accused No. 4 raised in his cross-examination and the Prosecutor is just going into details.

BY MR. UNTERHALTER:

But I am sure Your Worship will permit cross-examination on this if necessary?

BY THE COURT:

I am not committing myself Mr. Unterhalter.

HERVERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Bewyssuk 18 is 'n stukkie wit papier genoem nr. 1. Bewyssuk 19 is 'n stukkie papier genoem 1 tot 132. Bewyssuk 20 is notapapier, bladsy 39. Bewyssuk 21 'n blou notulepapier gedateer die 1ste September 1959. Bewyssuk 22 is groen notulepapier. Bewyssuk 23 is 'n onsendbrief gedateer die 20ste Mei 1959, gerig aan alle Pan Africanist Congress Takksekretariesse in die Witwatersrand Afdeeling. Bewyssuk 24 is 'n algemene vergadering, die notules daarvan gedateer die 21ste April 1959. Bewyssuk 25 "Draft Constitution of the Africanist Liberation Congress". Bewyssuk 26 is weer 'n onsendbrief uitgezeik deur die Pan Africanist

Africanist

Afrikanist Congress gedateer 1 Mei 1959 aan Takssekretaris. Bewyssuk 27 is 'n notule, bladsy 31. Bewyssuk 28 is 'n notule van 'n vergadering gedateer 9.9.1959 en 10.9.1959. Bewyssuk 29 is 'n skryfblokkie met notas daarop. Bewyssuk 30 is 'n boek wat begin by bladsy 4 tot by 23. Bewyssuk 31 is 'n lys met name, adresse en geldte. Bewyssuk 32 is 'n brief gedateer die 16.2.1959. Bewyssuk 33 is die notule van 'n vergadering op die 24ste November 1959. Bewyssuk 34 is "The Afrikanist", official organ of the Pan Afrikanist Congress, the Number 1959 issue. Bewyssuk 35 is ook "The Afrikanist", die Desemberuitgawe.

Nou, was daardie bewyssukke wêreld u in beslag geneem het saam met die notuleboek, of was dit in die notuleboek? --- Ja, ek het die boek geneem van die tafel en daar was 'n klomp dokumente in dit. Ek het hulle nie deurgegaan nie.

DEUR DIE HOF:

Jy kan net sê daar was dokumente in die boek? --- Daar was dokumente in die boek Edelagbare.

HERVERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERSOOL:

Jy kan net sê daar was dokumente in die boek? --- Ja. En dit het u aan Speurdersersant Wessels oorhandig?

--- Ja.

Nou, u het gesê dat u die groep saam eers gespreek het by u kantoor. Waaroor het u die groep saam gespreek by u kantoor? --- Ek wàl eers vasstel of hulke inwoners is van die lekasiës, en ek het hulle gevra vir hulle bewyshoekies.

Dan het u gesê u het die pamphlette met beskuldigde nr. 4 bespreek. In watter opsig het u die pamphlette met hom bespreek? --- Ek het hom gevra of dit my pamphlette was.

En wat was my antwoord? --- Hy het gesê ja. Was die erkenning vrywilliglik gemaak? --- Heeltemal.

Hy/....

Hy was glad nie bang of skaam om te erken nie.

Nou, wanneer u na pamphlette verwys sluit dit in die notuleboek of al die bewyse wat nou ingehandig is, of net die pamphlette? --- Ek het die drie pamphlette op die notuleboek gehad, en ek het vir hom gesê "Hierdie". Ons het dit bespreek en hy het gesê dit is syns.

Nou, toe u vir nr. 4 gesê het as hy nie gelukkig voel nie moet hy sy goed pak en trap, wat was sy reaksie? — Nee, hy het niks gemaak nie.

Na watter bedrywigheid het u verwys in verband met beskuldigde nr. 4, toe u met hom gesels het en gesê het hy moet sy bedrywigheid staak? --- Ek het toe gepraat as gevolg van die klagtes wat ek gehoor het.

En die klagtes, was dit oorgedra aan hom deur u? Het u hom vertel wat die aard van die klagtes was? --- Ja, ek het vir hom gesê dat ons klagtes het teen die P.A.C.-beweging, dat mense gedreig word.

En was dit op daardie stadium wat hy gesê het hy sal nog 'n lid van die P.A.C. bly? --- Ja.

Nou, in u hoofgetuenis het u gesê dat u 'n rapport ontvang het van 'n klomp Bantoevrouens, en daarna het u en Kaptein Cawood se eenheid in 'n sekere rigting gegaan? --- Ja.

Nou.... --- Die rapport was eintlik aan Kaptein Cawood gemaak en ons is toe saam weg.

En was dit in die rigting van die sportgronde wat julle gegaan het? --- Ja, ons het in Sesiseestraat tot by die vrouens gegaan en Kaptein Cawood het beveel. Ons het reg omgedraai en teruggery na die sportgronde toe.

Het die eenheid teruggedraai as gevolg van die rapport wat ontvang is? --- Ja.

In wie was die eerste groep wat julle daar gevind het nadat julle omgedraai het? --- Dit was die groep van

Thomas/....

Thomas More was.

Nou, toe bekuldigde nr. 8 u onder kruisverhoor gehad het, het u gesê dat u baie rapporte ontvang het in verband met persone wat gedreig is en so aan. Nou, watter datum was dit? --- Dit was op die 18de van Maart 1960.

Toe het u gesê op 'n verdere vraag van hom dat u was tevreden dat die P.A.C. moeilikheid in die pad van die onderwysers geplaas het? Kan u dit onthou? --- Ja.

Nou, wat was die datum toe die onderwysers die rapport aan u oorgedra het in verband met die klagtes van die P.A.C.? --- Nee, ek kan dit nie onthou nie, maar dit was 'n rukkie net voor dit.

Ja maar kan u die maand gee? --- Dit was in dieselfde maand.

Dieselfde maand as die Sharpeville onluste? --- Dit was in Maartmaand ja.

Nou, u het gesê dat die skare was toe weggejaag na by die hostel met 'n stormloop. Hulle het klippe gegooi en een van die Polisiebeamptes het toe op die grond gevval? --- Ja, die Polisiebeampte het verder weg gevval; nie by die hostels nie. Dit is reg Edelagbare.

En 'n klomp Bantoes het na hem gehardloop? --- Ja.

Nou, wat was die houding van die groep Bantoes wat na die vallende of liggende Polisiebeampte gegaan het, toe hulle na hem aangehardloop kom? --- Ek kan nie sê huis hulle houding nie, maar dit het vir my gelyk of hulle hom verder gaan aanrand.

Kan u onthou of die lid van die Polisie enige beserings opgedoen het? Het u enige tekens gesien wat u kan onthou? --- Daardie selfde Kunstebel?

Ja? --- Ja Edelagbare, hy het 'n oop wond gehad hier was bloed oor my gesig.

U het gesê - terwyl u onder kruisverhoer was deur beskuldigde nr. 8 - dat u was bekommernisse die houding van die skare daar? --- Is dit by die Polisiestasie?

Nee, ek neem aan dit is nog daar by die hospitaal? ---

Ja.

Nou, wat was die gedrag van die Bantoeë? Hoe kom het dit bekommernis by u gewek? --- Nadat die traangas gegooi was en ek gesien het dat die traangas geen uitwerking het nie,..

En waardeer was u bekommerd mar. Labuschagne? --- En toe ek gesien het dat Majoor van Zyl gaan hulle storm het ek verwag daar gaan iets gebeur; of hulle gaan die Polisie aanval, want die Polisie was baie min in vergelyking met die Bantoeë.

Kan u die gebare wat beskuldigde nr. 8 gemaak het teenoor Majoor van Zyl beskryf? --- Ja, hy het sy vinger na hom gewys.

Die indruk wat u gekry het, was dit 'n vriendelike gebaar of nie? --- Nee, dit het nie so gelyk nie.

Na wat het dit vir u gelyk? --- Dit het gelyk of hy kwaad was, en of hy die Majoor uitdaag.

En toe hy sy vinger wys vir Majoor van Zyl het hy op diesselfde tyd gevraat, d.i. beskuldigde nr. 8? --- Beskuldigde nr. 8 het gevraat.

En wat het hy gesê? --- Ek kon nie hoer nie. Hy het iets gevraat van die Polisiestasie, maar ek kon nie hoer wat hy stet nie.

Wanneer het hy die woorde "Come, come!" gebruik? --- Nadat Majoor van Zyl ongedraai het na die Polisiemannes toe het die beskuldigde ongedraai en vir die skare gesê: "Come, come, let us march to the Police Station!"

Nou beskuldigde nr. 8 het in my mening die groter voorblanke skare wie nou gevraat het. "Was daar enige ander

mens/....

seuns daar afgesien van die Polisie-beamptes? --- Nie, daar was niemand, d.i. ander privaat persone nie. Hy mag miskien na die Polisie verwys; daar was jong manne.

Ek neem aan dat al die lede van die Mag daar buitekant die hostel en die kantore, asook Majoor van Zyl, was toe in Polisie-uniform gekleed? --- Hy was Eielagbare.

En daar kon geen twyfel wees dat hulle Polisie-beamptes was nie? --- Nie, daar kon geen twyfel bestaan het nie.

Nou, op bladsy 392 van die ondersoeknotule, toe u die skare beskryf het. "Iemand het aan my gesê dat ek op 'n vragmotor se dak moes klim en kyk in die rigting van die gemeenskapssaal. Ek het opgeklim en hier tussen die skohe en die Bantoes het een blik van gestaan van die skool tot by die gemeenskapssaal, die hele straat vol". Is dit reg? --- Ja, daar was baie mense.

Nou, hoe wyd is Seestraat as u die sypaadjes insluit? --- Ek sal skat dat die straat is ongeveer st 30 voet en die twee sypaadjes miskien tien-tien; miskien 50 voet Eielagbare.

DEUR DIE HOF:

Is daar nie 'n eiland in die middel nie? --- Daar is. Nou hoe wyd is die pad aan elke kant van die eiland? --- Ek skat ongeveer 15 voet; dit is maar 'n skatting.

HERVERHOOR VENVOLG:

En die eiland is omtrent vier na ses voet breed? --- Ja, en die sypaadjes mag miskien tien voet, tien voet ween. Ek skat so 50, 60 voet Eielagbare.

U het toe verder 'n nommer gegee, vermoedelik van beschuldigde nr. 39. U het melding gemaak van 'n nommer, 284090. Is dit die verwantenoornommer van beschuldigde nr. 8 volgens die bewysestaat? --- Ne, dit was die bewysestaat van 816/....

die vorige beskuldigde, Stefaans Lepse.

Nr. 38? —— Nr. 38?

Ja? —— Ekstaan Edelagbare. Dit is ja.

Nou, is dit reg dat die enigste beweging wat tot u aandag gebring is in Sharpeville is die P.A.C.? —— Ja.

Het u ooit klagtes ontvang in verband met die A.N.C.? —— Nee, ek het nie klagtes in verband met hulle in Sharpeville ontvang nie.

Nou, gebeur dit ooit dat u 'n rottang of 'n stok saam met u dra as u rondloop in die Sharpeville naturellsdorp? —— Joo Edelagbare, dit mag by uitsondeling wees maar ek dra nooit 'n stok saam met my nie.

Wanneer is vuurwapens aan u en u staf uitgereik?

— Die vuurwapens wat ons dra is net na die onluste — ek dink die Maandagoggend, die Dinsdagoggend-aan ons uitgereik.

En watter tipe vuurwapens is dit? Is dit 'n pistool, 'n automatiese pistool? — 'n Automatiese pistool.

En die kaliber? —— Ek dink dit is .32.

En kan u die fabrieknaam van die vuurwapen aan die Hof gee? —— Uit my kop nie, maar ek het hom by my.

In die Hof? —— Nee, ek het hom in my sak.

Kan ons dit net sien asseblief. Is dit nie 'n .38 kaliber daardie nie? —— Nee, ek dink dit is 'n .32. Dit is kaliber 7.65 millimeter.

En wat is dit? —— Dit is 'n Meizer-Mar.

BY THE COURT : TO THE PUBLIC PROSECUTOR:

What is the point in this evidence Mr. Prosecutor?

— Your Worship, cross-examination was directed by accused No. 39, that he was threatened with a fire-arm by this witness, and he described it as a Baby Brownie.

BY THE COURT : TO THE PUBLIC PROSECUTOR:

Was u het nie

Was rewolwerhouers ook aan u uitgereik? —

Ek was nie

Nou, afgesien van die amptelike pistool wat aan u uitgereik is, het u u eie pistool of rewolwer? --- Ek het nie my eie pistool nie.

Kan u onthou wanneer die uitkenningsparade gehou is? --- Nee, die datum kan ek nie onthou nie, maar dit was 'n hele tyd na die onluste.

To Boksburg? --- In die Boksburg trok ja.

En waar was u ten tye van die opstel van die parade? --- Ons was almal in 'n vertrek voor in die trok gewees.

Kon u hoor of sien wat plaasgevind het ten tye van die opstel van die uitkenningsparade daar? --- Nee, ek dink ons is deur twee of drie deure na 'n volgende gebou.

En toe u uiteindelik na die parade gebring is, omtrent hoeveel persone was daar op die parade? --- Hulle was baie; ek sal skat 70 of in daardie omgewing.

En hoe het hulle gestaan? --- Hulle het in 'n lang ry gestaan.

En hoe het hulle vergelyk sover as ouderdom, hoogte en gelaatsstrekke aanbetrif het? --- Dit was ongeveer dieselfde groep. Hulle was amper almal eenders, dieselfde ouderdom.

Het u toe enige persoon by daardie parade uitgewys? --- Ek het.

Hoogeel persone het u uitgewys? --- Ek het beskuldigdes 3 en 4 uitgewys.

Nou, voor die parade, voordat u na die parade gegaan het en mrs. 3 en 4 uitgewys het, wanneer was die laaste keer wat u mrs. 3 en 4 gesien het? --- Ek dink dit was die 21ste Maart, die sameval van die 21ste.

Die 21ste Maart? --- Ja.

Nou, u het nie nr. 39 uitgewys nie. Kan u nou sê waar die pretties waar by die Durbanville Polisiestasie oede gee hoor en hom nie uitgewys het nie? --- Ek was daar nie baie seker nie.

Nou /

Nou aangesien u hom nie tussen daardie 70 persone op die parade kon uitwys nie, hoekom is u nou seker dat hy was daar by die Sharpeville Polisiestasie op die 21ste Maart? --- Noudat ek hom saam met die beschuldigdes sien kan ek hom beter herken.

Nou, is daar enige waarheid in die voorstel dat nr. 39 se bewysboekie met my foto daarvan spesifiek aan u oorhandig was net voor die uitkenningsparade, net die doel dat dit sou makliker wees om hom uit te ken? --- Nee, daar was absoluut geen bewysboekie aan my getoon nie, en dit is 'n onwaarheid; daar bestaan nie so iets nie.

Is dit reg mnr. Labuschagne dat die enigste dag wat u na beschuldigde nr. 39 se bewysboekie verwys het, was op die 21ste van die tweede maand? --- Ja.

Dit is die dag toe u die notuleboek in beslag geneem het? --- Dit is korrek. Edelagbare nee, ekskuus, ek mag 'n fout daar. Beschuldigde nr. 39 se boekie het ek weer gesien op die 18de Maart. Dit was die dag net die vergadering gewees.

Nou, laat ons dit eers vasstel. Was dit dieselfde dag wat u hierdie notuleboek in beslag geneem het? --- Ja, toe het ek sy bewysboekie gesien.

En ek dink dit is die 21ste van die tweede maand? --- Ja, dit is reg.

Daarna het u nie die bewysboekie van beschuldigde nr. 39 meer gesien nie? --- Nee.

Nou, u het gesê dat u kan die nommer onthou van beschuldigde nr. 39 se bewysboekie. Kan u dit onthou? --- Nr. 39?

Wat is David Ramaibha? --- Nee, ek het dit nie gesê nie.

Nou presies waarby die Sharpeville Polisiestasie uitrent het wat nie in die bewyse van u gevind is.....

het beschuldigde nr. 39 gestaan toe u hom waargeneem het? ---
Dit was aan die kant van Kaptein Sestzee, 4.i. in Seestraat
aan die oestekant se hoek wat ek beschuldigde nr. 39 gesien het.

DEUR DIE HOF:

Was dit by die Polisiestasie? --- Ja.

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Op die dag van die onluste.

DEUR DIE HOF:

Maar Seestraat is nie by die Polisiestasie nie?

Die is jammer Edelburgare, Zwanenstraat; ek is jammer.

Dit was in Zwanestraat aan die oostekant.

Aan die oostekant van die Polisiestasie? — Ja,
op die hoek; daar waar die Polisiegestaan het, reg voor die
Polisie.

DIEP DIE HOP : AAN DIE PUBLIEKE AANKLAER:

DEUR DIE HOF : AAN DIE PÄLISIE
Mnr. die Aanklaer, nou raak ek 'n bietjie deurmekaar.
Die Pälisie sover ek weet het aan die westekant van die
Pälisiestasie gestaan en nie aan die oostekant nie.

WIE IS DIE PUBLIEKE AANKLAER:

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAKER.
Nee Edelagbare, Zwanestraat is aan die suidekant van die Polisiestasie, en Kaptein Coetzee se eenheid het daar stilgehou aan die oestelike kant van die Polisiestasie in Zwanestraat.

BEIR DIE GETUIE:

~~Pt. 10. Kourak Malabar.~~

UIT IS KUTTER WEG
EN DIER EENHJER AANKLAAR VERVOLG:

HERVERHOOR DEUR DIE PUBLIKASIE AAN DAAK
En dit is daar waar u oor die oostelike draad van
die kantie gevra het? — Ja.

die Polisiestasie geklim het? — Ja.
Wanneer het u bestukkingsnr. 39 gevraag, voor
hou, wanneer het u bestukkingsnr. 39 gevraag, voor
die Polisiestasie geklim het?

--- Voerdt ek oor hie dinge in.
Ma ontrent hie lank my u en wou my vrylaat,
Want die man was daar by die Palmentuin wanneer hy.

u oorgeklim het? --- Nee, ek is by hom verby na die Polisiestasie toe; dit was net in die verbygaan gewees.

Nou, hoe verwys hy van u toe u by hom verbygegaan het? --- As ek reg onthou seker so 10 of 15 tree van my af.

Kan u miskien beskryf hoe hy aangetrek was of wat so klere hy aangehad het? --- Ek dink hy het 'n grys baadjie gehad; ek kan nie sê die broek nie, maar 'n amper blou-grys baadjie.

En kan u sy gedrag beskryf terwyl u hom waargeneem het? --- Ek kan nie onthou dat hy juis iets besonders gedoen het nie.

Maar wat was dit wat u aanhang op die man gevestig het? --- Hulle het lawaai toe ek verbygaan.

Nou, hoe het hy 'n lawaai gemaak? --- Hy het hard geraas.

Kon u uitmaak wat hy gesê het of wat hy geskreel het? --- Nee, ek kan nie.

Nou, op die 19de en 20ste Maart 1960 het die pamphlet "Calling the Nation", bewyssuk 5, uitgekom? Dit is wat u gekry het oorals in die lokasie, in hierdie naturellecörp, nie waar nie? --- Ja, ons het hulle die meeste die Sondag daar gekry, op die 20ste.

En daar was vier aanklagtes gemaak: "We demand that the Pass Laws be totally abolished, and we demand a minimum wage", en dit was die £35 per man? --- Ja, dit is korrek.

En bewyssuk 5 gee voor dat dit uitgereik is deur die Nasionale President van die Pan Africanist Congress (M.R. Sebukwe)? --- Ja Edelaghara, ek onthou dit.

Nou, u het van die gescrewe bewyssuk gevra wat party van die skare het uit onwiskierigheid gegaan en party van hulle was mislei toe hulle daar by die Polisiestasie vergader het.

Nou, wat was die aard van die misleiding? --- Ek het gedink dat as gevolg van die pamphlet, waar hulle 'n salaris moet ois van £35, het hulle miskien gedink dat hulle dit sal kry, en ook die gerug dat hulle daar sou toegespreek word, daar was hulle dalk mislei.

Hierdie pamphlet, bewysskrik 4, st in paragraaf 4 "Under the local leadership of the Pan Africanist Congress the men will move to the chosen Police Station and there surrender themselves for arrest". Is dit waarna u verwys as die misleiding? --- Ja, dit is korrek.

Nou, in verband met die vroendes wat die getal laat swel het daar by die Polisiestasie, weet u eerstens hoeveel persone gedood is te Sharpeville tydens die onluste? --- Ja, daar was vir die twee begraffinisse gereel vir 71 begraffinisse.

En hoeveel is gewond? --- Dit is moeilik om te sê. Ek dink ongeveer 180.

Nou, van die docies, het u vastgestel hoeveel of watter persentasie vandale docies was toe nie inwoners van Sharpeville natureldorp nie? --- Maar was vier persone wat nie hier begrawe is nie, wat nie inwoners was nie.

Alleenlik vier? --- Daar was nog name wat nie op die lêers voorkom nie, maar die is hier begrawe.

Kan u dan sê hoeveel was positief vastgestel as Sharpeville-inwoners, d.i. wat gedood is? --- Ek kan nou nie meer uit my kop uit onthou nie, maar ek dink ek het dit voor die Kommissie gesê. Ek dink daar was 19 uit die 71 wat nie Sharpeville-inwoners was nie, wat ons nie kon vasstel nie.

En van die gewondes, het u vastgestel hoeveel was nie Sharpeville-inwoners nie? --- Ja, die name wat nie op die rekords voorkom nie - ek kan ook nou nie onthou nie Melagbare, maar ek skat ongeveer 40 of so; ek is nou glad nie as 'n speurter vir seker/....

seker van die gewondes nie.

Volgens daardie myfers kan u missien vir die Hof vertel, of is u bereid om te sê hoeveel vreemde persones tussen die Sharpeville-inwoners was tydens die onluste? --- Ek kan nie sê hoeveel nie, maar ek skat baie.

En waar is die ander naaste naturellegebiede of dorpe, vanwaar mense kon gekom het? --- Die Vanderbijlpark-lokasie is ongeveer 'n myl en 'n half van Sharpeville naturelle-dorp.

Watter een is dit? --- Dit is die Tserella-lokasie, en Evaton is ongeveer twaalf myl weg van Sharpeville naturelle-dorp. Hier is ook baie kampongs in die dorp; daar is ongeveer 7,000 Bantoeëns in kampongs gehuisves in die dorp.

Nou, wanneer het u agtergekom dat die inwoners nie vertroue in die Adviesraad koester nie? --- Dit was onrent twee maande of so ongeveer 'n maand voor die moeilikheid in Sharpeville naturelle-dorp.

En wat was die rede vir hierdie toedrag van sake? --- Nee, ek kan nie eintlik 'n rede sê nie, maar dit het net gelyk of hulle nie meer baie vertroue in die Bantoe Adviesraad het nie.

U het gesê onder kruisverhoor dat die P.A.C. se invloed op daardie tydstip was baie min, en dit was so tot 'n paar dae voor die 2late Maart 1960. Nou, op watter manier het die P.A.C. 'n indruk gemaak op die inwoners? --- Dit is moeilik om te sê op watter manier, maar daar was absoluut nieks eintlik om van te praat voor die Vrydag voor die onluste nie, want alles was redelik stil.

Nou, baie staan is gemaak deur die Verdediging op u as 'n ervare, eerlike en waardevolle getuie. Nou, ek het reeds gesê dat u ons toe in diens van die Suid-Afrikaanse polisie as 'n spoorasier vir onrent lig. --- Ja.

Sel/....

Sal dit reg word as ek dit aan u stel dat een van die eerste pligte van 'n politie-beampte is om mindad te verhoed? Sal u saamstem daarmee? --- Dit is korrek.

En wat sou u sê is die eerste plig van 'n inwoner van die land, sover as die Wet en die Polisie aanbetrif? --- Dit is om te sien dat die wette uitgevoer word.

Om wetsgheoerzaam te wees? --- Om wetsgheoerzaam te wees ja.

Nou, op die aand van die 20ste Maart hierdiejaar, d.w.s. die Sondag, was u teenwoerdig toe Polisie-eenhede verskillende groep Bantoemens met stormlope uitmekaar gejaag het? --- Ja.

Nou, voor elke stormloop was enige besoek aan die besondere groep of groepies gereg deur die Polisie? --- Ja, ek het reeds so gesê, behalwe by die geval by die skole, het hulle Kaptein Gewood nie kans gegee om te praat oers nie.

Maar watter versoek of bevel het die Polisie aan die skole of die groepies Bantoe gegee voor 'n stormloop uitgevoer is? --- Deur die mag het Kaptein Gewood hulle elke keer gesê dat hy gee hulle vyf minute tyd om uitmekaar uit te gaan.

En hoekom is stormlope toe uitgevoer? --- Omdat hulle gewapen het om uitmekaar uit te gaan.

En was dieselfde pressuur gevolg by Seinestraat voor die hostel? --- Ja.

Hoekom nees die Polisie gebruik maak van troepies? --- Omdat die skole wou nie terugval nie.

Nou, hoe ver is die munisipale kantoor en die hostel vanaf die Vereeniging dorp self? --- Ongeveer twee myl.

En in watter rigting is verbind net dorp van Vereeniging het die stads bewoners toe posings aangewend as om hulle uitmekaar te jaag? --- In die rigting van die dorp.

En/....

En hoekom moes die Polisie eers wag vir traangas?

Wat is die rede waarom hulle nie dadelik 'n stormloop kon uitvoer nie? — Ek kan nie 'n rede sê nie, maar die Majoor het seker gedink hy sal eers traangas probeer voordat hy niks anders probeer.

Nou, tet u wete was daar enige Polisieversterking van die Vereeniging op daardie stadium wat kon met enige onluste handel of hanteer? — Nee, ek glo nie daar was nie, want daar was 'n groep na Vanderbijl en 'n groep na Evaton.

So was Majoor van Zyl se eenheid die enigste buffer tussen die dorp en die natureldorp? — Ja, dit was die enigste totdat die Johannesburg mense opgedaag het.

Nou, by die Sharpeville Polisiestasie self, ek dink u het gesê nr. 3 en nr. 4 was toe bemig om die skare aan te hits? — Ja, dit het so gelyk.

Nou, voordat Kolonels Prinsloo, Spengler en Piernaar opgedaag het, omtrent hoeveel Polisiebeamtes was daar by Sharpeville? Polisiestasie? — Dit is moeilik om te sê. Ek kan regtig nie sê nie, maar ek sal skat 30 of so, 40 missien.

En was die twee "Saracens" daar voor die drie kolonelle arriveer het? — Ja, ek dink een "Saracen" het weer uitgegaan om hulle geleide te doen. Ek is nie seker nie, maar hulle was daar.

En het enige versterkings met die drie kolonelle gekom? — Daar het een vragmotor ingekom.

In omtrent hoeveel Polisieliede het met daardie vragmotor ingekom? — Nee, ek kan nie sê nie, maar daar was Polisieversterkings gewees.

Nou, van die indruk wat u van die skare gekry het en nrs. 3 en 4 se houding, wat sou nr. 3 en 4 aangehou doen het as Kolonel Spengler hulle nie ingesoen het nie? — Hulle sou die mense meer meer oppasser op het. Kolonel Spengler seige onregmatighede of onbehoulike houding..... Nie wat ek gesien het nie.

Nou, u weet dit is moeilik om te sê wat u sou doen

Kan ek dit aan u stel dat Kolonel Spangler het twee probleme gehad. Hy ken hulle los of hy kan hulle inneem? — Ja.

Nou, voordat Kolonel Spangler daar gekom het was daar enige luidsprekers daar by die Polisiestasie? — Iemand het een gehad.. Ek dink dit was 'n Polisiekaptein - ek kan hom nie, maar hy het 'n luidspreker in sy hand gehad, een van die draagbares.

Was dit een wat met elektrisiteit werk, of was dit maar net...? — Nee, ek dink hy werk met 'n battery.

En was gebruik gemaak deur die Polisiekaptein van hierdie luidspreker? — Ja.

Kon jy hoer wat hy eer die luidspreker gesê het?
— Nee.

Hee ver was u van hom af? — Dit was toe ek binne was.

Binne in die gebou? — Ja.

Hoeveel keer is die luidspreker gebruik? — Ek kan nie sê nie.

Maar binne in die gebou kon u hoer dat hulle gebruik maak van 'n luidspreker om die skare buitekant toe te spreek? — Ek kon hoer dat iemand harder praat as gewoonlik, en daarna het ek iemand gesien met die luidspreker, maar ek weet nie wat hy gesê het nie of wat daar gebeur het nie.

En nadat Kolonel Spangler opgedaag het was gebruik gemaak van die luidspreker of nie? — Nee, ek kan nie onthou nie.

Nou, as 'n Polisiebeampte wat sy pligte uitvoer hat ter voorkoming van enige misdaad, het Kolonel Spangler enige onregmatigheid of onbehoorlike dae gehad? — Nie wat ek gesien het nie.

Nou, u weet dit is moeilik om te sê wat u sou doen

onder omstandighede wanneer alles weer veilig is, maar neem nou aan dat u is toe 'n Kolonel in die Polisiemag, u is in bevel van Sharpeville Polisiestasie, daar is duisende Bantoes wat 'n dreigende houding inneem, en twee vermoedelike leiers is besig om die skare verder aan te hits en die veiligheid van die Polisielde en die Polisiestasie op u skouers rus. Hoe sou u opgetree het in verband met beschuldigdes nrs. 3 en 4? --- Ja, sees die Aanklaer sê dit is baie moeilik nou om te sê wat ek sou doen. Baie mense sal nou dit en dat sê, maar ek glo dat as Kolonel Spengler van dieoggend daar gewees het, en alles gesien het wat gebeur het, sou hy missien anders opgetree het, maar as 'n persoon wat op daardie stadium op die toneel gekom het, en hy sien die twee beschuldigdes daar optree, het hy missien gedink dit sal die beste wees om hulle te verwijder, en as ek oek daar op daardie stadium gekom het sou ek missien dieselfde gedoen het.

Nou, u het gesê dat daar was twee groepe by die hostel, m.a.w. daar was die groep wat onder leiding van beschuldigde nr. 1 was, sonder wapens, wat daar uitgekom het? Is dit reg? --- Ja, by die eerste hek was beschuldigde nr. 1 met 'n groep Bantoes.

En dan het u melding gemaak van 'n ander groep, met wapens, wat ook vanuit die hostel gekom het? --- Ja, die ander groep het by die tweede hek uitgegaan en aangesluit by die groep in die straat.

Nou, wanneer het hulle uitgekom in vergelyking met beschuldigde nr. 1 se groep? Voor of na sy groep? --- Nee, na beschuldigde nr. 1.

En die groep, watter soort wapens het hulle gedra? --- Daar was party wat kieries gehad het.

Omtrent hoe groot was die groep? --- Dit is baie moeilik; Ek sal sê ongeveer 150, 200; dit is moeilik om te sê want nie so dat hy gesluit was nie. Nou /....

te sê.

En wat was hulle gedrag en houding teenoor die Polisie? --- Hulle het geraas en hulle was kwaad gewees.

Nou, by die ondersoek het u melding gemaak op bladsy 384 van 'n groep. Ek wil dit net op rekord plaas, sodat die Hof alles in ag kan neem. Verhoor hervat: Dit is nou dieper in die lekasié in? --- Nee, dit is aan die buitenkant. Laat ons dit eers probeer vasstel op hierdie manier. By die Kommissie na watter groep het u verwys? --- Nee, ek kan nie onthou nie.

Maar van een ding is ons seker; u het net melding gemaak van een groep tydens u getuenis by die Kommissie? --- Ja, dit is korrek.

Nou, u het gesê dat die Bantoes was toe gehoersaam teenoor u aan die kant van die straat met hulle gepraat het, en hulle het toe weggestap, maar Majoor van Zyl en sy Polisielde het nie daardie selfde sukses gehad nie? --- Ja, dit het so gelyk.

U sal seker saamstem dat dit is 'n tragiese staatstand van sake as natuurlike in die algemeen alleenlik geheor gee aanemand wie hulle persoonlik ken of wie bekend is aan hulle? --- Na.

Toe Luitenant Visser met beskuldigde nr. 3 gepraat het, hoe ver was u van hulle af? --- Nee, ek was ver weg, altyd by die ingang van die Polisiestasie.

En kan u minskien beskryf u indruk van die houding van die twee teenoor mekaar toe hulle gesels het? --- Dit het nie gelyk of daar gneus was nie. Hulle was nie kwaad nie.

Luitenant Visser het met hom gepraat en hy het terug gevraag.

U het gesê dat u dink die hok by die Polisiestasie aan Zwanestraat was gesluit? --- Nee, ek het gesê hy was nie gesluit nie. Ek kan nie sê dat hy gesluit was nie.

Nou...

Nou, normaalweg staan daardie hek oop of nie? ---

Hy staan toe. Dit is 'n gewone klein hekkie.

So daar is niks besonders in die feit dat hy toe-
staan het nie? --- Nie.

Nou, u het gesê onder kruisverhoor dat u sou
probeer het om die Bantoes weg van die Polisiestasie te kry.
Op watter manier sou u dit probeer doen het? Dit is nou alles
as u terugdink. --- Dit was op 'n vraag wat deur die Advokaat
van my gestel was, en ek het maar net gedink as ek probeer het
om die Bantoes weg te kry sou dit missien beter gemaak het,
maar ek het op daardie stadium en nou ook nie gedink nie ek
dit sal doen nie.

En as hulle geweier het om weg te gaan en nog 'n
verdere uitdertende en dreigende houding teenoor u en u
manskappe ingeneem het, wat dan? --- Dan sou ek maar moes optree.
Ek het nie 'n keuse gehad nie.

Nou, as u net terugdink aan die omstandighede.
As u skielik onder klippe gesteek is, en vermoedelik is 'n
gemene poging toe aangewend om by diehek in te storm, hoe
sou u opgetree het onder daardie omstandighede, as die lewe
van die hele Polisiessheid in gevaar was? --- Edelagtare,
as ek 'n Polisiessheid daar was en hulle het so opgetree
dat dit gelyk het asof hulle die Polisiestasie wou aanval,
sou ek ook gevuur het.

Kan u net bekryf wat die persone by die westelike
hek gedaan het toe dit vir u geblyk het dat hulle wil nou
inkom? --- Hulle het hale teen die hek gedruk, en dit het
gelyk of diehek enige oomblik gaan oopgaan, en die persoon wat
Kolonel Spangler geneem het het by die opening tussen die twee
hekke gestaan, en dit het vir my daar gelyk asof hulle enige
oomblik gaan durbara daar.

En wat is die kaliber van die rewolwer wat van
die/....

Die Polisie uitgereik is? — Ek dink dit is .38 rewolwers.

En watter soort geluid maak daardie tipe rewolwers
as dit gemaak word? — Hy klap baie hard.

Kyk, is daar 'n verskil tussen die geklap van skote
wat miskien deur 'n .25 rewolwer afgewuur word en 'n polisie-
rewolwer? — Ja, 'n kleiner tipe klap nie so hard as die groot
tipe rewolwers nie. Die Kleintjies maak meer 'n dawwer
slag.

Nou, kan u die klap van die twee skote wat u vanaf
Zwanestraat gehoor het beskryf? — Soos ek reeds gesê het
het dit vir my gegaan dit is nie so hard soos die skote wat
hier van die Polisie gevuur was nie.

Was daar enige onmiddellike gevvaar vir die lewens
en veiligheid van die Polisie en die Polisiestasie toe klippe
gegooi is? en 'n poging aangewend is om by die hek in te storm?
— Ja, as die mense ingekom het sou daar seker moeilikheid
gewees het.

En die skistery het die nodige uitwerking gehad,
die mense het toe almal teruggegaan of weggehardloop? — Ja.

Het enige gevvaar bestaan nadat die Polisie gevuur
het? — Na die Polisie gevuur het?

Ja? — Nee, gladnie.

Het enige share weer by die Polisie saamgedrom
nadat die Polisie geskiet het op die 21ste? — Nee, toe ons
terugkom met die ambulansie het amper geen persoon gestaan nie.
Hulle het wel lateraen in groepies-groepies opgedrag.

Dit was seker uit numskierigheid vir die verwonde
wat daar rondgelê het? — Hulle het kom kyk na hulle mense ja.

Nou, hier is gepraat van parke te Sharpeville.

Hoeveel parke is daar? — Daar is twee grote wat gedeeltelik
al bewerk is, en daar is grond dink ek vir ongeveer nog vier.

En wie is verantwoordelik vir die onderhou van die
parke?....

parke en soosan? ---Die munisipaliteit.

As 'n Superintendent van 'n naturelledorp wat 'n aanstelling het deur die Minister, is u 'n vredesbeambte en het dieselfde magte as enige vredesbeambte? ---Ja.

Dankie Edelaghare.

DEUR DIE HOF:

Die mense in Seestraat wat beweeg het in 'n oestelike rigting, kon jy ooit vasstel waar hulle heen wou gaan, en wat hulle wou gaan doen? --- Was dit die vroeg in dieoggend Edelaghare? Ons ken nie vasstel nie, maar dit het gelyk of hulle in die rigting van die dorp wou gaan.

Maar jy kon nie vasstel deur wat gesê was of hulle dorptoe wou gaan of waarheen nie? ---Nee.

Moontlik wou hulle net tot by die kantore gegang het? ---Dit mag ook wees.

Hulle was nog op pad soontoe? ---Ja, hulle was nog nie by die kantoor nie.

As hulle by jou kantoor verby was dan was die volgende plek wat hulle heen sou kon gaan was net na daardie oop veld toe, of na die dorp Veeniging? --- Ja.

En dan net een ander punt. U het gesprek van 'n gerug dat een of ander persoon iets by die Polisiestasie sou sê in verband met pasto? ---Ja.

Wanneer het u daardie gerug die eerste keer gehoor? --- Dit was toe ons daar tussen die mense beweeg het wat gewond was, toe ons hulle bymekbaar gedra het.

Was daar van die gewondes wat dit vir u vertel het? --- Nee, dit was terwyl ons die gewondes bymekbaar gebring het. Iemand het iets vir die Polisiestasie daar gesê: "Julle neem ons na die Polisiestasie en julle skiet ons!"

Nou, jy was in aanvalking met mense van die gebeure.

Net/....

Want jy sooit gehoor dat die Polisie of iemand die skape na die
Polisiestasie toe roep? --- Nooit het enigeen nie.

Of vir hulle vra om scontee te kom? --- Nooit te
enige tyd het enige van die Polisie in my teenwoordigheid
hulle scontee geroep nie.

Mnr. Labuschagne, dankie, u kan weer afstaan.

BY MR. UNTERHALTER:

Your Worship, before this witness is released I
have an application to make to the Court. As I said to the
Court earlier those particular documents that have been
introduced in re-examination, arising out of the cross-examination
of accused No. 4, are papers that I have not had an opportunity
of seeing. I should like Your Worship firstly a short adjourn-
ment in order to study them, and secondly, if it should be
necessary, the right to question this witness.

BY THE COURT:

I don't know if a short adjournment is going to help
you. There is bound to be certain adjournments somewhere in
the future, and I would rather make the suggestion that you
study these and then in due course tell me whether or not you
want to put further questions to this witness.

BY MR. UNTERHALTER:

Yes, that would be acceptable Your Worship.

BY THE COURT:

Which will mean that you have not got to study
these voluminous documents during a short adjournment, but you
will take your time about it.

MR. UNTERHALTER:

Yes, as Your Worship pleases.

JOHANNES LODEWIJKUS GROMIER, beeldig verklaar:

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

U is 'n Sersant in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie, en is u nog by Sharpeville, Vereeniging, gestasioneer? --- Ja.

En tydens die onluste op die 21ste van Maart van hierdie jaar, was u die Stasiebevelvoerder van die Polisiestasie te Sharpeville naturelledorp? --- Dit is reg ja.

Nou, vir hoe lank was u daar as Stasiebevelvoerder voor die 21ste? --- Ek is daar sedert die 23ste Oktober 1959 toe die stasie ge-open is.

Sersant, hoeveel jaar diens het u? --- Ek het 15½ jaar diens.

En is dit alles hier op die Witwatersrand of by verskillende plekke? --- Nee, dit is verskillende plekke versprei oor die Unie.

Kan u net 'n paar van hulle meld wat nie op die Witwatersrand is nie? --- Ek was in die Transkei gewees, asook te Queenstown in die Oostelike Provincie.

En is dit reg dat in daardie geselskap, die Oostelike Kaap en die Transkei, is groot naturellegebiede? --- Ja.

Vir hoe lank was u daar in die Oostelike Kaap gewees? --- Ek was in die Oostelike Kaap vir ongeveer 18 maande, en eek ongeveer 18 maande in die Transkei.

En tydens u tydperk van diens in die Transkei en te Queenstown en daar rond, het u enige ondervinding gehad van onluste tussen die naturelle en swart? --- In die Transkei het ek ondervinding gehad van stangoegte.

Het u gesê u was ooit in Oos-Londen? --- Nee, ek was nie in Oos-Londen nie.

Ek praat u of vertellen u enige naturelletale? --- Nee, ek vertaan geen naturelletale nie.
Die lewensverhouding was on verstandig te nou/...
...maar/...

Nou, tot op die 21ste van Maart 1960, is dit korrek dat die Sharpeville Polisiestasie was alleenlik met die buitegreld per telefoon in aanraking? --- Dit is reg ja.

En dat na die dag na die skietery, d.w.s. op die 22ste van Maart, was 'n draadloos ingestel? --- Nee, dit was nie die dag daarna nie; dit is 'n paar weke daarna dat daar 'n draadloos geinstalleer is.

Nou, op die 21ste van Maart, wat was die getalsterkte eerstens van die blankes by Sharpeville Polisiestasie? --- Een blanke Sersant en twee blanke Konstabels.

En nie-blankes? --- Nie-blankes was agt Sersante en 29 Konstabels.

En watter soort wapens word normalweg daar by Sharpeville Polisiestasie aangehou? --- By Sharpeville Polisiestasie word slegs assegaaie en knopkieries aangehou.

En die blanke lede van die Polisiemag? --- Die blanke lede is elk uitgeriek met 'n .38 rewoker en twaalf ^{geweer} patronen, 'n .303 en vyftig patronen elk.

Word die .303 gewere altyd daar by Sharpeville Polisiestasie gebêre as dit nie gebruik word nie? --- Dit word daar gebêre ja.

Nou, hee het u die inwoners van Sharpeville naturelledorp gevind sover as wetgehoorsaamheid in die geheel betref? --- In die geheel was hulle baie wetgehoorsaam gewees, en ook goedgesind teenoor die Polisie.

En was daar ooit enige verandering in die verhouding van die naturelleinwoners? --- Nee, daar was nie enige verandering nie.

Nou, wanneer het u enige tekens, indiens enige, van onrus agtergekom in die lokasie? --- Ongeveer 'n maand voor die onluste. Toe is daar gedurende die magte pamphlette versprei, waarin die inwoners aangespreek was om na die Polisiestasie te gaan/....

gaan op die 21ste Maart 1960, om te protesteer teen bewyseboekse.
In my ogen was dit

Nou, ek wil net seker maak watter maand was dit wat die besondere pamphlet, wat 'n beroep gedoen het om na die Polisiestasie te gaan, uitgegee? --- Eielagbare, dit kan gedurende die begin van Maartmaand wees; ek kan nie presies so wanneer dit uitgereik is nie.

Nou, het u enige van daardie pamphlette self gesien?

— Ja, er niet. — Dat was een my oor-
— wat u helle gezien? —

Waar het u huis gesien.
handig by die Polisiestasie.
Bouw jyda van die Polisie of lede van die inwoners?

Door 18de van

— Lede van die Polisie.
En het u die pamphlet deurgelees? — Ek het die pamphlet deurgelees.

Nou, ek wil 'n pamphlet aan u toon, bewyssstuk nr. 5.
Kan u net vir die Hof sê of u daardie tipe pamphlet herken of
nie? --- Dit is 'n pamphlet soorgelyk as die wat aan my oorhan-
dig was.

Nou, voor u daardie pamphlet gesien het, het u ooit tevore in u loopbaan te Sharpeville enige ander pamphlette gesien wat versprei is en tot u aandag gebring is? — Neen.

En wat het u gedoen met die pamphlette wat u gekry
het? --- Ek het die pamphlette aan die lid van die plaaslike
Veiligheidsstaf oorhandig.

Bit iss Speurdersersant Wessels? --- Speurdersersant
Wessels.

Is u baie seker van die datum of die tydperk toe u die pamphlette gekry het? — Nee, ek is nie baie seker van die datum nie.

Nou, daarom was daar enige moeilikheid in verband
met bewysehouing? — Gedurende die maand, omtrent 5.50 p.m., van
die 19de Maart 1960, het ek my gevalle van 'n berig ontvang na
Mnr/....

die bustermius in Sharpeville gegnan.

En daar wat het u gekry? — Daar by die bustermius het ek ongeveer 50 Bantoes bynaam gekry. Daar het ook ander Bantoes in groeps rondgestaan.

Nou, wie het u vergesel na die bustermius toe? — Ek was alleen gewees na die bustermius toe.

Ek was u in Polisie-uniform gekleed? — Ek was toe in privaatkleren.

In privaatkleren? — Ja.

Nou, is u in staat om te sê of u taamlik welbekend is aan die inwoners van die natureldorp daar? — Ja.

Van sien? — Ja.

En hulle sou seker bewus geword het van die feit dat u is 'n lid van die Polisie? — Ja, want ek was ook met die Polisie-vangwa daar gewees, 'n "Landrover" wat baie goed bekend is aan die hele lekasié.

En toe u stilgehou het, waar was die groepies Bantoes in vergelyking met die plek waar die bewyseboekse gelê het of die stukkies bewyseboekies? — Waar ek stukkies bewyseboekies opgetel het het die grootste groep Bantoes gestaan, en aan die oorkant van die straat hetop verskillende plekke groepes Bantoes gestaan, waarvan baie kinders was.

En was daar enige tekens om aan te ton op watter manier die stukkies bewyseboekies vernietig was? — Hulle was geskoer gewees.

Was daar enige tekens van vuur daar? — Daar was geen tekens van vuur nie, maar nadat ek die stukkies bewyseboekies by die Polisiestasie ondersoek het, het ek gevind dat van hulle gebrand was ook.

Het u nou mille gevraag om miskien te probeer vaststel of enige vleesister vir hulle gesooi is? — Ek het nie gevraag nie, en ek het ook geen vleesister gevraag nie.

Nou/....

Nou, toe u daar stilgehou het by die bustermius,
wat was die houding van hierdie groepies Bantoes teenoor u?

— Die wat by die busstop gestaan het het opstandig geword
en het lawaaiig geword, en ek het toe vertrek en na die
Polisiestasie gegaan.

Nou, hoekom het u vertrek Sersant? — Ek het dit
in my eie veiligheid geag, aangesien ek alleen was, om
onnmiddellik te vertrek, as gevolg van hulle houding.

Het so 'n voerval ooit te vere in Sharpeville met
u gebeur? — Nee.

Sal u enige van daardie Bantoes wat u daar gesien
het, wat opstandig geword het, kan uitwys? — Nee, nie wat
ek kan uitwys nie.

So het u hierdie bewyseboekies teruggegee na die
kanteer toe? — Ja.

En vanaf die tyd wat u daar by die bustermius
stilgehou het en teruggegaan het na die Polisiestasie, het
enige ander blankes of lede van die Polisie daar opgedag? —
Kaptein Cawood, Luitenant van Redon....

Nee, by die bustermius? — By die bustermius
het niemand opgedag nie.

U het toe teruggegaan na die Polisiestasie en ek
neem aan dat u die voerval gerapporteer het aan Kaptein Cawood.
— Die voerval was toe alreeds deur iemand anders aan Kaptein
Cawood rapporteer, want ek het hom by die Polisiestasie toe
geky.

Was dit die bron van die inligting, of die bron
wat die rapport aan Kaptein Cawood gesenk het, was dit 'n
blanke of 'n nie-blanke? — Dit is 'n blanke.

En waar by die Polisiestasie wat het gebeur met
die stukkies bewyseboekies? — By die Polisiestasie het ons
van die bewyseboekies aansienbaar gelaat en ons is ~~verantwoordelik~~
~~verantwoordelik~~.....

Nou, toe u daar stilgehou het by die busterminus,
wat was die houding van hierdie groepies Bantoes teenoor u?

— Die wat by die busstop gestaan het het opstandig geword
en het lgwaaijerig geword, en ek het toe vertrek en na die
Politiestasie gegaan.

Nou, hoekom het u vertrek Sersant? — Ek het dit
in my eie veiligheid geag, aangesien ek alleen was, om
onnmiddellik te vertrek, as gevolg van hulle houding.

Het so 'n voerval ooit te voer in Sharpeville met
u gebeur? — Nee.

Sal u enige van daardie Bantoes wat u daar gesien
het, wat opstandig geword het, kan uitwys? — Nee, nie wat
ek kan uitwys nie.

So het u hierdie bewyseboekies teruggegaan na die
kanteer toe? — Ja.

En vanaf die tyd wat u daar by die busterminus
stilgehou het en teruggegaan het na die Politiestasie, het
enige ander blankes of lede van die Politie daar opgedoen?

Kaptein Cawood, Luitenant van Reden.....

Nee, by die busterminus? — By die busterminus
het niemand opgedoen nie.

U het toe teruggegaan na die Politiestasie en ek
neem aan dat u die voerval gerapporteer het aan Kaptein Cawood.
— Die voerval was toe alreeds deur iemand anders aan Kaptein
Cawood rapporteer, want ek het hom by die Politiestasie toe
gekry.

Was dit die bron van die inligting, of die bron
wat die rapport aan Kaptein Cawood gemaak het, was dit 'n
blanke of 'n nie-blanke? — Dit is 'n blanke.

En waarby die Politiestasie wat het gebeur met
die stukkies bewyseboekies? — By die Politiestasie het ons
van die bewyseboekies aannembaar gelas en ^{was} ons ~~was~~ is gevindtuisser
van die bewyseboekies aannembaar gelas en ^{was} ons ~~was~~ is gevindtuisser.....

Wie is "ons" Sersant? — Kaptein Cawood het daar opgedaag, saam met Luitenant van Eeden, Speurdersersant Wessels en ook mnr. Labuschagne, die Lekasiessuperintendent.

Nou, die naturelle wat u by die busterminus gekry het, het hulle enige wapens by hulle gehad? — Ek het geen wapens by hulle gesien het.

Het hulle enige aannemings teenoor u gemaak? — Hulle het aannemings in Duits tale gemaak, maar teenoor wie dit was en wat dit was kan ek nie sê nie.

Maar wat het hulle gedoen of hoe het hulle opgetree dat u hulle optreden as opstandig en geværlik beskou het, en toe teruggegaan het? — Hulle het lawaaiigerig begin raak en ondergekom na my toe ek besig was om die bewysboeke op te tel, of die stukke bewysboeke op te tel.

